

## **Sing vooraf staande: Psalm 68:9, 13 (p. 334)**

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.  
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?  
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.  
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.
- 13 Ons prys U, HEER, in sang en lied. / U het u sterkte ons gebied / toe 't nag was, lank gelede;  
U het gehoor na ons gebed, / U het ons roemryk uitgered – o hoor nou weer ons bede!  
Dan pas die vorste tot u eer / en om u huis ontwil, o HEER, / eerbiedig op u wenke.  
Hul sal U dan van alle kant, / selfs uit die allerverste land, / vereer met hul geskenke.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 48:1, 5 (p. 243)**

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.  
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,  
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.  
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,  
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,  
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.  
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –  
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:  
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

## **Geloofsbelydenis: Apostolicum**

**Wet**

## **Psalm 51:5, 6 (p. 261)**

- 5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.  
Was weg, delg uit my ongeregthede, / herskep my hart wat wegding uit u spoor.  
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!  
Laat my voor U tog geen verstootling wees, / en neem u goeie Gees nie weg van my nie.
- 6 Gee my weer lewensvreug, die soete smaak / wat ek moet mis, in sondesmart verlore;  
gee my gewilligheid, uit vreug gebore, / wat weer u diens vir my 'n vreugde maak.  
Dan hoor ek nie die wrede aanklag meer: / "Kyk hoe het hy, die kind van God, gesondig!"  
Ek wil oortreders dan u weë leer, / bekering aan die sondaars bly verkondig.

**Gebed**

## **Psalm 89:11, 12 (p. 446)**

- 11 Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.  
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.  
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.
- 12 Ek sal sy nageslag en troon nooit laat vergaan, / sy heerskappy laat duur so lank die hemel staan.  
Maar wil sy kinders nie my wette onderhou nie, / bly hul aan my bevel en regte nie getrou nie,  
maar dwaal hul verder af in hul onheil'ge weë – / Dan kom my tugtiging op sondaarspad hul teë.

**Skriflesing:** 1 Samuel 13:1-22

**Kernverse:** 1 Samuel 13:11-14

**Samuel vra hom toe: “Wat het jy aangevang?”**

**En Saul het gesê: “Ek het gesien die manskappe loop van my af weg, en u het nie opgedaag op die tyd wat ons afgespreek het nie. Die Filistyne het bymekaargekom by Mikmas, en toe dink ek: die Filistyne sal nou-nou teen my afkom na Gilgal toe en ek het nog nie aan die Here ’n offer gebring nie. Toe het ek dit gewaag om self die brandoffer te bring.” Maar Samuel sê vir Saul: “Jy het dwaas gehandel. As jy maar die bevel van die Here jou God wat Hy jou gegee het, nagekom het! Waarlik, dan sou die Here nou jou koningskap oor Israel vir altyd bevestig het. Maar nou sal jou koningskap nie bestendig word nie. Die Here sal vir Hom ’n man na sy hart soek. Die Here sal hóm aanstel as regeerder oor sy volk, want jy het nie gedoen wat die Here jou beveel het nie.” (1 Samuel 13:11-14 AFR83)**

**Tema:** Amper die regte ding doen, is ’n gewaarborgde mislukking

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, daar is ’n spreekwoord wat so klink: *Amper is honderd myl van Amsterdam*. Dit beteken: Al het ’n mens iets byna bereik, is dit nog nie heeltemal nie. Of miskien is hierdie spreekwoord meer bekend: *Amper maar nog nie stamper nie*. Daarmee sê jy dat iets byna uitgewerk het maar dit het nie. Om amper die wedstryd te verloor, is beter as om dit amper te wen. Want om amper te wen, beteken dat jy verloor het. En in hierdie lewe is dit nogal ’n groot teleurstelling om net amper te wen.

Dit is egter nie net vir hierdie lewe dat amper ’n groot teleurstelling meebring nie. Gesien vanuit ons mense se oogpunt is amper gelowig word nog ’n groter teleurstelling. As ’n mens net amper gelowig is, beteken dit dat ’n mens nie ten volle jou vertrou in die Here stel nie. Wie nie heeltemal in Christus ingelyf is met die ware geloof nie en wie sy weldade nie heeltemal aanneem nie, is nog nie ’n ware gelowige nie. So ’n mens is dan nie gered nie.

As ’n mens net amper die regte ding in die oë van die Here gedoen het, beteken dit dat jy die verkeerde ding in die oë van die Here gedoen het. Vir die Here is daar net reg en verkeerd. Hy verwag dat sy kinders die regte ding sal doen en daarvoor gee Hy alles vir sy mense sodat hulle in staat kan wees om die regte ding heeltemal te doen. Hy gee aan ons geloof. Hy gee sy Heilige Gees om ons te lei en Hy gee sy Woord sodat ons die regte ding voluit kan doen. En as ons maar net amper die regte ding doen, verlustig die Satan hom daarin, want as ons ondanks alles wat die Here gee en die verkeerde ding tog doen, bedroef ons die Heilige Gees en staan ons die Here teë.

In ons hoofstuk sien ons watter teleurstellende mislukking Saul geword het omdat hy net amper die regte ding gedoen het. Ons het ’n geruime tyd gelede begin luister hoe die Here met Saul gewerk het en wat die Here geopenbaar het in sy geskiedenis met Saul. Kom ons vang net weer op wat tot dusver gebeur het.

Israel, met Saul as hulle koning, het nou al die Ammoniete verslaan in die veldslag waarvan in hoofstuk 11 berig word. Hierdie oorwinning het die manskappe van Israel in die wolke laat loop. Hulle was so beïndruk met die leierskap van Saul dat hulle sommer daar en dan die manne wat met minagting van Saul as koning gepraat het (1 Sam 10:27) wou doodmaak. Saul het egter gekeer en ’n mooi belydenis uitgespreek, naamlik dat die Here uitkoms aan Israel gegee het. In die geheel gesien, was hierdie oomblik die hoogtepunt in Saul se tyd van regering as koning.

Uit hierdie gebeure is daar twee sake waarop gelet moet word en wat in die verdere geskiedenis van die Here met Israel duidelik word. Die eerste saak is dat die Ammoniete nie die enigste vyande van

Israel was nie. In hierdie stadium was die Filistyne die grootste teenstanders van Israel. Na die destydse gebeure by Mispa (1 Sam 7) toe die Here die Filistyne verwar het en Israel hulle verdryf het, het die Filistyne vir 'n tyd lank nie weer in die gebied van Israel gekom nie. Intussen is Saul as koning in Israel aangestel deur die Here en die Here het deur Saul nou al 'n oorwinning oor die Ammoniete gegee. Miskien het hierdie optrede die Filistyne genoop om die Israeliete fyner dop te hou. Israel was tot nou toe nog in 'n groot mate afhanklik van die Filistyne se guns. Hulle moes selfs hulle alledaagse werktuie na die Filistyne neem om reg te maak of te slyp omdat daar in Israel nie 'n ystersmid was nie. Om 'n ogie oor die Israeliete te hou het die Filistyne 'n wagpos sommer baie diep aan die oostekant in Israel se gebied in Gibeon gevestig (1 Sam 13:3). Gibeon was die tuisdorp van Saul.

Die tweede saak wat uit die gebeure ná die oorwinning oor die Ammoniete vloei, is dit wat vir ons beskryf word vanaf 1 Samuel 11:13. Samuel het die volk opgeroep om by Gilgal bymekaar te kom om die koningskap te vernuwe. Die eerste gedagte wat by 'n mens opkom is dat die koningskap van Saul herbevestig gaan word en Samuel verwys ook na Saul as die koning van Israel in sy afskeidsrede in 1 Samuel 12 (1 Sam 12:13). Wanneer 'n mens egter 1 Samuel 12 met groter aandag deurlees, kom 'n mens agter dat dit eerder oor die koningskap van die Here oor sy volk Israel gaan.

In sy afskeidsrede het Samuel dit duidelik gestel dat hy die Here voluit gedien het toe hy as rigter vir Israel opgetree het. Die hele volk het daarmee saamgestem. Daarop het Samuel vir hulle uitgewys hoe die Here keer op keer sy volk beskerm het deur al die jare en eeue van Moses se tyd af. Maar toe die Ammoniete 'n dreigende houding teenoor Israel ingeneem het, was die wyse waarop die Here sy volk tot nou toe beskerm het vir hulle nie meer goed genoeg nie. Hulle wou nou 'n koning hê wat hulle oorloë vir hulle kon voer hoewel die Here hulle koning is.

Met hierdie woorde van Samuel het die besef by Israel posgevat dat hulle in die oë van die Here verkeerd gehandel het deur 'n koning te vra. Samuel wys hulle egter daarop dat hulle eerbied aan die Here moet betoon en Hom moet gehoorsaam. As hulle dit nie doen nie, sal die Here teen hulle wees. Nadat die Here met die donderslae en stortreën bevestig het dat Israel wel in die oë van die Here verkeerd opgetree het deur 'n koning te wil hê, het Samuel hulle weer 'n keer opgeroep om aan die Here gehoorsaam te wees – hulle en die koning. As hulle dit nie doen nie, sal die Here hulle en die koning uitwis.

By Gilgal is die koningskap van die Here oor sy volk en hulle koning dus bevestig. Saul en Israel weet dus nou baie goed dat hulle die Here moet gehoorsaam. Gilgal het groot historiese betekenis vir Israel. Dit is immers by Gilgal waar Josua en die volk deur die Jordaan in die beloofde land aangekom het en 'n altaar vir die Here daar gebou het. Daarmee het hulle erken dat die Here hulle God hulle koning is. In 1 Samuel 12 is die verhouding tussen Israel en God – die verbondsverhouding – opnuut bevestig. Die Here is die eintlike koning van sy volk, en Saul en die hele Israel moet hulle aan die Here se wil en woord onderwerp.

Geliefdes, in die Here se openbaring tydens die lewe van Saul word Gilgal nie vir die eerste keer as 'n belangrike plek in 1 Samuel 12 genoem nie. Ons herinner ons daaraan dat Samuel, net nadat hy vir Saul tot regeerder in Israel gesalf het, vir hom gesê het om na Gilgal toe te gaan en sewe dae daar vir hom te wag (1 Sam 10:8). Samuel sou dan kom en die brandoffers en maaltydoffers bring en dan vir Saul sê wat hy moes doen.

Samuel het in sy afskeidsrede ook nog gesê dat hy steeds vir die volk sal bid en hulle sou onderrig oor die goeie en reguit pad. Daarom kan ons aanneem dat daar tussen Samuel en Saul nog kontak was gedurende hierdie twee jaar van Saul se regering en Samuel sou Saul herinner om na Gilgal toe te gaan en daar vir hom te wag. By Gilgal sou Samuel dan die offers bring, tot die Here bid om genade en aan Saul en die manskappe onderrig gee oor die goeie en reguit pad – dit wat Saul moes doen.

Gedurende die twee jaar wat nou al verbygegaan het, het Saul se koningskap gevestig geraak. Hy het 'n staande weermag van drie afdelings – drie duisend manskappe – en die res van die manskappe het hy huis toe gestuur. Twee afdelings van hierdie manskappe was by Saul in Mikmas en in die bergwêreld van Bet-El. Die ander afdeling was saam met Jonatan in Gibeon van Benjamin, suid vanwaar Saul gevestig was.

Alhoewel die Gees van God kragtig in Saul gewerk het en hy die versekering van Samuel gehad het dat God by hom is, het Saul nie werklik iets met die manskappe by hom gedoen nie. Dit lyk asof hy daar in Mikmas maar gewag het dat die vyand van die volk iets moes doen sodat hy daarop kon reageer. Dit lyk so asof Saul maar gelate aanvaar het dat Israel, die volk van die enigste lewende God, maar onderdanig aan die heidene moet wees. Jonatan was egter anders ingestel.

As Saul dan nie onder aanvoering van die Here vir Israel wil verlos van die juk van die Filistyne nie, sal die Here die wiel aan die rol sit. Daarom het die Here dit beskik dat Jonatan die wagpos van die Filistyne by Gibeon oorrampel het. Hierdie optrede van Jonatan het vir Israel in onguns gebring by die Filistyne. Omdat die berig dat Jonatan die wagpos in Gibeon oorrampel het by die Filistyne uitgekom het, het Saul geweet dat die Filistyne dit nie daar gaan laat nie.

Saul het die ramshoring oor die hele land laat blaas om die Israeliete op te roep. Die berig wat egter onder die Israeliete versprei is, is dat Saul die wagpos van die Filistyne oorrampel het. Dit mag wees dat die berig so versprei is omdat Saul die koning is en die manskappe en Jonatan onder die aanvoering van Saul staan. Maar hier word egter geensins gesê dat Jonatan in opdrag van Saul opgetree het nie. Saul het dus die verkeerde berig maar laat uitgaan. Het hy dit gedoen om die eer vir homself te kry?

Saam met die berig dat Saul die wagpos oorrampel het, het die Israeliete ook gehoor dat Israel gehaat word deur die Filistyne. In antwoord op die ramshoring en die berig wat daarmee saam gehoor is, het die manskappe by Saul in Gilgal bymekaargekom. Dit is nou nie net die drie duisend manskappe wat Saul vir hom uitgesoek het nie, maar al die weerbare manne in die land het in Gilgal bymekaargekom.

Alhoewel daar twee jaar verloop het sedert Saul as koning aangestel is in Israel en Samuel by sy salwing vir hom gesê het om Gilgal toe te gaan, sou Samuel en Saul geweet het wanneer die groot oomblik aanbreek om Gilgal toe te gaan. Aangesien die Filistyne die grootste vyand van Israel in hierdie stadium is, het Saul en Samuel geweet dat hierdie die groot oomblik is. Daarom het Saul en die manskappe by Gilgal bymekaargekom.

Die Filistyne het in hulle hordes opgetrek om hierdie parmantige houding van die Israeliete in die kiem te smoor. Hulle wou die ou sakkie sommer baie gou afhandel. Daarom het hulle met dertig afdelings strydwaens, ses afdelings perderuiters en soldate – so baie soos die sand van die see – opgeruk. Die Filistyne kom nie net met hordes om die oorlog te voer nie, hulle is ook arrogant genoeg om by Mikmas kamp op te slaan waar Saul vroeër gevestig was met sy twee afdelings soldate.

Toe Israel die groot klomp Filistyne sien, het hulle dadelik gesien hier is groot moeilikheid. Hulle is in Gilgal en nie ver van hulle af aan die oostekant was die Jordaanrivier. Hulle is so te sê in 'n hoek vasgekeer. Geliefdes, en nou sien 'n mens wat gebeur wanneer jy jou vertrou op 'n mens vestig soos wat Israel gedoen het. Omdat hulle 'n koning wou hê om hulle oorloë te voer terwyl die Here tog hulle koning is, het hulle moed hulle totaal begewe toe hulle die hordes Filistyne sien. Saul kan so sterk en so aansienlik wees as wat kan kom, hulle sien nie kans om saam met hom teen die Filistyne oorlog te maak nie. In elke hol plek in die land het hulle gaan wegkruip. En die wat nie wegkruipplek kon kry nie, het oor die Jordaan gevlug na Gad en Gilead toe.

Wanneer jy iets of iemand in die plek van die Here stel en jy jou vertroue daarop vestig, sal dit jou duur te staan kom. Die Here sal mettertyd sorg dat jy kan sien dat die mens of ding waarop jy jou vertroue gevestig het nie regtig so betroubaar is as wat jy gedink het nie.

Saul het daar in Gilgal moedig begin om te doen wat die Here hom deur Samuel beveel het. Hy het die eerste dag, die tweede dag en die derde dag gewag. Maar Samuel het nog nie opgedaag nie. Teen die derde dag het die manskappe klompies-klompies begin wegraak soos hulle wegkruipplekke gaan soek het. Nog drie dae het verbygegaan en nog meer manskappe het die hasepad gekies. En nog steeds is Samuel nie daar nie. Die oggend van die sewende dag het al aangebreek en steeds is daar geen teken van Samuel nie.

Hierdie sewe dae in Saul se regering was die grootste toets waaraan die Here hom nog onderwerp het. Die Here wil hê dat Saul as die koning van sy volk Hom sal gehoorsaam en Hom sal vertrou. As koning moes hy die leiding neem in vertroue op die Here sodat die volk hom kan volg. Vir amper sewe volle dae het Saul nou op die Here vertrou en gewag vir Samuel. Vir amper sewe volle dae was Saul gehoorsaam aan die Here.

'n Mens kan nou maklik simpatiek gesind raak teenoor Saul. Hy het darem amper sewe dae gewag. Wat moet hy nou doen? Sy manskappe is nou al minder as die drie afdelings uitgesoekte soldate. Sal 'n mens maar self iets doen om die benoudheid te verdryf? 'n Mens het regtig baie geduld nodig om so te wag dat iets moet gebeur. Die Here leer ons wat ons moet doen wanneer dit so benoud word vir ons:

**Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.**  
(Spreek 3:5-6 AFR83)

Saul het sekerlik op daardie sewende dag vir homself gesê: Ek het op die Here vertrou en tot dusver het daar nog niks gebeur nie. Broers, susters en kinders, 'n mens kan in sulke omstandighede so bang word dat jy nie eers die genade raaksien in die feit dat daar niks gebeur het nie. Vir sewe dae het die Filistyne nog niks gedoen nie – nie aangeval of verken nie – maar al wat Saul raaksien is dat sy manskappe minder word en Samuel daag nie op nie. Vir Saul het dit gelyk asof God niks doen nie. Net omdat dit soms vir ons lyk asof die Here niks doen nie, beteken dit nie dat die Here regtig niks doen nie.

Die mense wat gesien het toe Jesus gekruisig is, het ook gedink dat God niks doen nie omdat Hy nie vir Jesus van die kruis kom verlos het nie. Hulle het gedink God doen niks nie toe hulle Jesus in die graf verseël en wagte daar geplaas het. Terwyl mense God daarvan beskuldig het dat Hy niks doen nie, het sy hart getreur omdat Hy sy enigste geliefde Seun moes verlaat oor mense se sondes.

God het sy liefde vir die wêreld gewys toe Hy sy Seun oorgegee het om te betaal vir ons sondes. God skenk aan ons die oorwinning oor die dood deurdat Jesus die dood en die hel oorwin het. God het al hierdie dinge gedoen terwyl mense gedink het Hy doen niks nie.

'n Mens moet mooi dink voordat jy sommer iets doen omdat dit vir jou lyk asof die Here niks doen nie. Veral moet 'n mens versigtig wees om iets te doen wat jy weet die Here ge-sê het jy nie mag doen nie, net omdat dit vir jou lyk asof die Here niks gaan doen nie. Dit mag net wees dat die Here wil hê dat jy net nog 'n bietjie wag sodat Hy vir jou kan gee wat Hy regtig wil – iets baie groter as waarvan jy kon droom.

Saul het gesien hoe sy manskappe al minder word en die sewende dag het al ver gevorder en steeds het Samuel nog nie opgedaag nie. Saul het toe gewaag om self die brandoffer en maaltydoffers te

bring. Hier is twee probleme. Saul het die Here se bevel by monde van Samuel verontagsaam en nie gewag vir Samuel nie. Die tweede probleem is dat net die priesters offers aan die Here mag bring. Maar Saul het gedink as hy die offers bring sal die manskappe ophou om weg te loop en miskien sal die Here sy genade aan hulle skenk vir die oorlog.

Ons moenie dink dat ons die Here se guns kan wen deur ongehoorsaam op te tree nie. En moet nooit sê dat die Here jou so gelei het dat jy 'n sonde moes doen met die bedoeling om jou iets leer nie. Ons mense sê so maklik: As ek nie daardie verkeerde ding gedoen het nie, sou ek nie hierdie les geleer het nie. Dit is nie wat die Here wil hê moet gebeur nie. Dit is alleenlik maar die Here se genade dat Hy ons nie los wanneer ons op groot skaal drooggemaak het nie. Sonde het altyd 'n prys wat betaal word.

Saul het amper die regte ding gedoen toe hy die Here se seën gesoek het. Maar hy het 'n verkeerde manier aangewend om dit te kry. Hy het amper lank genoeg gewag. Hy het tot op die sewende dag gewag, maar nie die hele sewende dag nie. Vir Saul het dit gelyk asof daar nie iets anders was om te doen as wat hy gedoen het nie. Net omdat dit vir ons lyk asof daar nie 'n ander manier is om sake te hanteer nie, beteken nie dat die Here nie 'n manier het om dinge te hanteer nie. Terwyl Saul gewag het, het die Here gedoen wat Hy wou doen. Hy het vir Samuel gelei op pad na Gilgal toe.

Toe Samuel daar aankom, het hy dadelik gesien wat gebeur het. Daarom vra hy:

**Wat het jy aangevang?** (1 Samuel 13:11 AFR83).

Saul doen wat natuurlik is aan ons almal wanneer ons uitgevang word. Hy verskuif sy skuld na Samuel toe. Samuel, as jy maar net gekom het op die tydstip wat ons afgespreek het, sou dit nie gebeur het nie. Maar jy sien self hoe min manskappe hier oor is en jy sien hoe dreigend staan die Filistyne daar by Mikmas. Wat anders kon ek doen?

Samuel draai nie doekies om nie. Hy sê reguit wat Saul gedoen het.

**Jy het dwaas gehandel.** (1 Samuel 13:13 AFR83)

Saul se dwaasheid is nie maar net daarin geleë dat hy homself die werk van 'n priester aangematig het nie. Saul het getoon dat hy 'n uiterste gebrek het aan begrip vir geestelike sake. 'n Dwaas is iemand wat die bestaan van God ontken en homself dan in die verskriklikste bese dinge begewe. Uit vrees het Saul oorhaastig opgetree in plaas daarvan om met wysheid op te tree deur op die Here te bly vertrou. Saul het nie sy oog en hart op die Here gerig gehou nie, daarom kon hy nie met vertroue bly wag op die Here nie. Saul kan nie God se volk lei as die volk nie kan sien dat Saul die Here volg nie.

Deurdat Saul amper die regte ding gedoen het, het hy inderwaarheid sonder God opgetree en 'n mislukking geword. As Saul maar net gehoorsaam aan die Here gebly het, sou die Here sy koningskap oor Israel vir altyd bevestig het. Maar nou moet hy hoor:

**Nou sal jou koningskap nie bestendig word nie.** (1 Samuel 13:14 AFR83)

Niemand uit Saul se nageslag sal ooit weer koning wees in Israel nie.

Geliefdes, as 'n mens maar net amper gehoorsaam is aan die Here, beteken dit mos dat jy ongehoorsaam was. Saul het amper lank genoeg gewag op die Here, maar met sy oorhaastige en arrogante houding het hy die Here probeer lei. Die Here stel nie soseer in die offers belang nie, maar eerder in die hart van die offeraar. Saul se hart was nie naby die Here nie, daarom kon hy nie met vertroue bly wag op die Here nie.

Wie gehoorsaam buig onder die leiding van die Heilige Gees en die Heilige Gees volg wanneer Hy sy hart en oog op die Here rig, sal agterkom dat dit nie onmoontlik is om in sulke moeilike omstandighede, soos wat Saul beleef het, op die Here te bly vertrou nie. Die Heilige Gees bewerk immers die geduld in 'n mens se hart as deel van die vrug van die Gees. Wie die Here ken as die betroubare God, sal met vertroue kan bly wag selfs in moeilike omstandighede. Dan kan hy voluit gehoorsaam bly aan die Here en nie net amper nie.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 33:10, 11 (p. 160)

- 10 Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte / en red hul siele van die dood.  
Hy sorg vir hul by somerdroogte, / in sware tyd en hongersnood.  
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte / op die HEER vertrou.  
Hy, ons skild, Hy wyk nie, en ons hulp beswyk nie / waar ons hart op bou.
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;  
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.  
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;  
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
10 Maart 2013